IN MEMORIAM

# ONGELUK EIS GEREKENDE NGUNI-BOER

**'N MAN** wat diep spore in sy loopbaan as veearts getrap het, dr. Hans van de Pypekamp (80), is in Junie in



Dr. Hans van de Pypekamp
FOTO: VERSKAF

'n motorongeluk oorlede. Hy het die afgelope 30 jaar veral 'n groot bydrae tot die vestiging van die Nguni-beesras gelewer.

Van de Pypekamp het die omvangryke boek *Nguni-beeste: Kenmerkende raseienskappe en funksionele doeltreffendheid* die lig laat sien. Die boek is ook in Engels vertaal.

Hy het in 1964 as veearts by Onderstepoort gekwalifiseer. Daarna het hy as staatsveearts op Piet Retief en later Rustenburg en in Pretoria gewerk. Hy was betrokke by navorsing oor plantvergiftiging, hondsdolheid, snotsiekte, Afrika-varkpes en hartwater. Hy was ook 'n skrywer en medeskrywer van wetenskaplike artikels oor hierdie siektes.

Van de Pypekamp het later as voorsitter van die hondsdolheid-advieskomitee vir die direktoraat veeartsenykunde gedien. Hy het die departement van landbou in 1998 verlaat om meer aandag aan sy beesboerdery te gee.

Sy belangstelling in die Nguni-beesras het in 1966 begin. In 1990 het hy sy eerste Nguni's aangekoop en in 2000 is sy stoetery, Siyabuswa Nguni's, geregistreer. Aangesien sy stoetery op vrugbaarheid en funksionele doeltreffendheid gemik was, het hy verskeie kere die eerbewys ontvang vir die vrugbaarste kudde in die Nguni-stamboek, met tussenkalfperiodes van gemiddeld minder as 360 dae.

Van de Pypekamp was betrokke by die bedrywighede van die Nguni-beestelersgenootskap. Hy was tot sy aftrede 'n senior inspekteur en het ook opleidingskursusse en inligtingsdae help aanbied.

Sy seun, Gerrit, het in 2019 sy boerdery en die Siyabuswa-kudde naby Coligny by hom oorgeneem.

Hy word oorleef deur sy vrou, Toy, met wie hy 55 jaar getroud was, drie kinders, Dalene, Gerrit en Estelle, en ses kleinkinders.

– MICHELLE VAN DER SPUY